Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko

**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
## NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES**

1. Die kandidaat mag nie twee vrae oor dieselfde genre beantwoord nie.

2. Waar die kandidaat twee antwoorde in plaas van een antwoord gee, word die eerste antwoord nagesien en die tweede geïgnoreer.

3. Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

4. As die antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens volgorde van die memorandum nagesien.

5. As 'n spelfout die betekenis van 'n woord beïnvloed, word die antwoord verkeerd gemerk.

6. Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie die aanhalingstekens gebruik waar 'n aanhaling vereis is nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

7. By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/STEM SAAM/STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie JA/NEE/STEM SAAM/STEM NIE SAAM NIE te skryf indien die motivering dit insluit nie.

8. Geen punte word toegeken vir FEIT/OPINIE nie. Die motivering/ rede verdien die punt.

9. WAAR/ONWAAR is deel van die vraagstelling en verdien nie 'n punt nie. Slegs die korrekte motivering van die WAAR/ONWAAR verdien 'n punt.

10. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

11. Antwoorde op vrae wat 'n eie opinie vereis, moet met die teks verband hou.

## VRAAG 1

### *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*

| Vraag | Antwoord | Vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Ditjie is in die huis op die berg / Botterberg gebore / sonder mediese personeel (1) en Hanna is in 'n groot hospitaal / met mediese personeel gebore. (1) | 3 | 2 |
| 1.2.1 | NEE, pasgetroudes gaan op wittebrood./ Mense wat trou, gaan op wittebrood. / Dit was net 'n vakansie om mekaar beter te leer ken./Die hele gesin het saamgegaan. | 1/2 | 1 |
| 1.2.2 | Die gesinslede het mekaar beter leer ken / mekaar begin aanvaar / beter met mekaar klaargekom. (Of soortgelyk) | 1/2 | 1 |
| 1.3 | "vasgereën" | 1/2 | 1 |
| 1.4 | A – (Die gesin eet Gavin se afskeidsmaal)<br>C – (Die gesin hou 'n koolstoofkonsert)<br>B – (Margot lees haar Tarot-kaarte vir die kinders) | 4/5 | 4 |
| 1.5.1 | C – Eet al die oorskietkos in al die borde. | 3 | 1 |
| 1.5.2 | D – Gedra hom soos 'n senuweegatige pa in 'n outydse fliek. | 3 | 1 |
| 1.5.3 | B – Fluister aanhoudend in Mana se oor. | 3 | 1 |
| 1.6 | B – verpleegondervinding | 3 | 1 |
| 1.7 | Beoordeel individueel. Leerling formuleer eie opinie, bv.: Kinders soos Tibo ken nie altyd hul biologiese ouers nie / het nie twee ouers nie / het nie 'n normale gesinslewe nie. | 4/5 | 1 |
| 1.8 | "liewe leser" | 1/2 | 1 |
| 1.9 | Die direkte aanspreekvorm maak die leser meer betrokke by / deel van die verhaal. (Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 1.10 | Noem slegs EEN van die volgende:<br>sielkundige riller / speurverhaal / gedig (poësie) / kortverhaal / toneelstuk / liefdesverhaal | 1/2 | 1 |
| 1.11 | Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom. (1) 'n Ware verhaal. (1) | 1/2 | 2 |
| 1.12 | Margot gaan die rol van 'n fassinerende <u>moederfiguur</u> speel. / Margot gaan die rol van 'n fassinerende karakter wat iets tussen 'n bose heks en goeie fee is, speel.) | 3 | 1 |
| 1.13 | Eie opinie:<br>Bv. :<br>Ja, Hanna verdien die naam Bose Heks, want ... sy wil aanvanklik nie vir Margot aanvaar nie / sy is negatief teenoor Margot /sy kritiseer vir Margot baie / haar eie lewe het in 'n fantsieverhaal verander /sy laat Yann na 'n aaklige mens klink.<br>OF<br>Nee, Hanna het vir Margot aanvaar en is nie meer so negatief teenoor haar nie. | 1/2 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.14 | Noem TWEE:<br>•Sy komplimenteer Hanna deur te sê sy hoor sy is vreeslik slim / die brein in die familie.<br>•Sy help Hanna met haar voorkoms. /Sy grimeer haar en doen haar hare.<br>•Tydens die konsert dans sy en Gavin 'n fantastiese tango / sing en klopdans sy uitstekend. / Sy wen die konsert.<br>•Sy help met Ditjie se geboorte.<br>•Sy laat Hanna glo dat sy 'n roman gaan publiseer/skryf. | 1/2 | 2 |
| 1.15.1 | tande | 3 | 1 |
| 1.15.2 | aanvaar ("ervaar" X) | 3 | 1 |
| 1.16.1 | Sy het 'n goeie verbeelding. / Sy is mooi. / Sy is slim. / Sy het skryftalent. | 1/2 | 1 |
| 1.16.2 | Hy is 'n suksesvolle klere-ontwerper. / Hy is snaaks. / Hy kan lewe in 'n begrafnis blaas. | 1/2 | 1 |
| 1.17 | … 'n rol in 'n plaaslike TV-reeks te vertolk | 3 | 1 |
| 1.18 | Hulle is hartseer omdat Margot / hul ma weer vertrek / weggaan./ Hulle wonder of sy hierdie keer haar belofte gaan nakom. | 1/2 | 1 |
| 1.19 | D – "… kyk die muise na mekaar en sê: 'Let's party!' " | 3 | 1 |
| 1.20.1 | begrafnis | 3 | 1 |
| 1.20.2 | diskodans | 3 | 1 |
| 1.20.3 | ma | 3 | 1 |
| 1.20.4 | pa | 3 | 1 |
| 1.21 | Beoordeel individueel. Leerling lug eie opinie, bv. :<br>Ja, ouers moet altyd voorbeeldig optree, want hulle is kinders se rolmodelle / moet 'n goeie voorbeeld stel vir kinders. (Of soortgelyk) OF<br>Nee, ouers is nie perfek nie en maak ook foute. (Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 1.22 | Beoordeel individueel. Leerling lug eie opinie, bv. :<br>Beyers, want hy is 'n goeie man vir Mana / motiveer die kinders om te gaan stap / moedig Hanna aan om te skryf. (Enige volwassene, bv. Mana, Gavin of Margot, Jonathan Bester, Ziona Bester indien die motivering POSITIEF is.) | 4/5 | 1 |
| | | | **[35]** |

**Kognitiewe vlakke: Barrett**

| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
|---|---|---|
| 13 punte (37%) | 15 punte (43%) | 7 punte (20%) |

## VRAAG 2

### *POPPIE, DIE DRAMA*

| Vraag | Antwoord | Vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Na die staking/strike het die polisie √gesoek na mense wat nie terug werk toe is nie en Plank moes wegkruip, anders word hy gearresteer.√<br>(Of soortgelyk) | 1/2 | 2 |
| 2.2 | Hulle verstaan nie wat regtig besig is om te gebeur nie. | 1/2 | 1 |
| 2.3 | Ma Lena en Mbatane se jongste kind/ Poppie se halfbroer / Mosie, Plank en Hoedjie se halfbroer | 1/2 | 1 |
| 2.4 | Hy was ouer as die res van die kinders en die polisie het gedink dat hy hulle leier was.<br>(Of soortgelyk) | 1/2 | 1 |
| 2.5 | Die kinders het betoog teen drank in die lokasie (1); Plank het gedrink en hulle het hom geslaan as straf omdat hy gedrink het. (1)<br>(Of soortgelyk) | 1/2 | 2 |
| 2.6 | D die kinders hulle respek vir die ouer mense verloor het. | 3 | 1 |
| 2.7 | B petroldrom | 3 | 1 |
| 2.8 | Hulle hardloop die bosse in om weg te kruip. | 1/2 | 1 |
| 2.9 | Kinders hoef nie passe te dra nie; dus het die polisie nie geweet of hulle daar hoort of nie. | 1/2 | 1 |
| 2.10.1 | D Mbatane | 3 | 1 |
| 2.10.2 | E Vukile | 3 | 1 |
| 2.10.3 | B Mnr. Green | 3 | 1 |
| 2.10.4 | A Mnr. Swanepoel | 3 | 1 |
| 2.11 | B D C A | 3 | 4 |
| 2.12 | Stone is dood√ en Poppie moet in die Kaap werk sodat sy vir die kinders kan sorg.√<br>(Of soortgelyk) | 3 | 2 |
| 2.13 | Eie opinie, bv. Ek sou hulle ook wegstuur sodat ek kan werk om hulle finansieel te onderhou.<br>OF<br>Ek sou hulle nie wegstuur nie, want 'n gesin behoort bymekaar te bly. (Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 2.14.1 | Na Herschel na Stone se familie. | 1/2 | 1 |
| 2.14.2 | Na Mosie in die Kaap. | 1/2 | 1 |
| 2.15 | Vukile/Bonsile se kind | 1/2 | 1 |
| 2.16 | Ja, die kind was duidelik verwaarloos en nie soos ander kinders van sy ouderdom nie.<br>Nee; die kind is haar familie en sy kan nie sommer net so sê nie.<br>(Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.17 | Eie opinie, bv. Ek sou ook eerder na Bonsile se kind kyk, want hy het meer versorging nodig as Fezi.<br>OF<br>Ek sou eerder vir Fezi by my hou, want hy is my kind en die ander een net die kleinkind. | 4/5 | 1 |
| 2.18 | Ja, want die kind het baie beter geword met die regte sorg.<br>OF Nee, die kind is in die opstande dood.<br>(Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 2.19 | B rassisties | 3 | 1 |
| 2.20 | Die opstande het gegaan oor Afrikaans as voertaal in die skole.<br>OF<br>Die opstand teen die drank het in die Kaap begin, nie in Soweto nie. | 3 | 1 |
| 2.21 | Hulle gooi busse stukkend; brand skole af; brand biersale af; steel goed soos drank; is dronk; slaan die grootmense.<br>ENIGE TWEE | 1/2 | 2 |
| 2.22 | Die grootmense is moeg en wil nie meer baklei nie. | 1/2 | 1 |
| 2.23.1 | Bonsile | 3 | 1 |
| 2.23.2 | Basoetoland | 3 | 1 |
| | | | **[35]** |

**Kognitiewe vlakke: Barrett**

| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
|---|---|---|
| 15 punte (43%) | 16 punte (46%) | 4 punte (11%) |

**VRAAG 3**

***PALJAS***

| Vraag | Antwoord | Vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Hy kan nie eers 'n kar se wieldoppe bekostig nie.<br>Hy het haar lank genoeg gehiet en gebied.<br>Hy is treurig, hy is net bek.<br>Hy het niks in die lewe nie.<br>Hy slaap alleen omdat hy nie weet van vroumense nie.<br>ENIGE TWEE | 1/2 | 2 |
| 3.2 | Die kar het gaan staan langs die pad/ kar het gebreek.√<br>Hendrik is kwaad oor die oorbelle wat sy vir haarself gekoop het.√ | 1/2 | 2 |
| 3.3 | D dat Willem weggeraak het. | 3 | 1 |
| 3.4 | C met haarself worstel. | 3 | 1 |
| 3.5 | Willem het weggeraak/ hulle wag dat Willem moet terugkom/ hulle is bekommerd oor Willem.<br>(Of soortgelyk) | 1/2 | 1 |
| 3.6 | Hy ry na die polisiestasie op die dorp om hulle hulp te vra om Willem op te spoor. | 1/2 | 1 |
| 3.7.1 | ontsteld | 3 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.7.2 | baklei | 3 | 1 |
| 3.7.3 | toertjies | 3 | 1 |
| 3.7.4 | Manuel | 3 | 1 |
| 3.8 | Volstruisdans | 1/2 | 1 |
| 3.9 | Die boere in die omgewing boer met volstruise.<br>(Of soortgelyk) | 1/2 | 1 |
| 3.10 | Hy wil nie oor probleme en dit wat hom pla, praat nie. Hy ignoreer liewer die probleem./Hy laat nie toe dat slegte omstandighede hom onderkry nie./Hy gaan lê nie sommer as dinge moeilik raak nie.<br>(Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 3.11 | Eie opinie, bv. Ek sou teruggaan en eis dat hulle my gesin om verskoning vra. (Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 3.12 | Hulle is by die Volstruisdans met eiers en tamaties gegooi. | 1/2 | 1 |
| 3.13 | Sy sê dat dit is wat hulle die hele tyd doen (1), hulle maak altyd of niks gebeur het nie (1). | 4/5 | 2 |
| 3.14 | Hulle moet oor alles/al hul probleme praat, al maak dit hoe seer. | 1/2 | 1 |
| 3.15 | Ja, want 'n mens praat nie so met jou pa nie.<br>Nee, dit was hoog tyd dat iemand dit vir Hendrik sê.<br>(Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 3.16 | Onwaar; Manuel was toe reeds terug sirkus toe. (Of soortgelyk) | 3 | 1 |
| 3.17 | Die gesin het hulle eenkant gehou en nie juis met die dorpsmense gemeng nie.<br>Die gemeenskap het gedink hulle hou hul besig met satanisme.<br>(Of soortgelyk) | 3 | 1 |
| 3.18 | Waar; Hendrik vertel vir die polisie dat Willem besig is met toordery.<br>Hulle meng nie eintllik met die mense in die gemeenskap nie. | 4/5 | 1 |
| 3.19 | Toe van die mense om verskoning kom vra het vir dit wat by die Volstruisdans gebeur het, het Hendrik hulle ingenooi om saam met die gesin partytjie te hou. | 3 | 1 |
| 3.20.1 | Emma speel weer klavier./Haar verhouding met haar gesin verbeter./Haar verhouding met Nollie verbeter.<br>ENIGE EEN | 1/2 | 1 |
| 3.20.2 | Willem praat weer/ Willem lag weer/ Hy doen toertjies<br>ENIGE EEN | 1/2 | 1 |
| 3.20.3 | Hendrik praat oor sy gevoelens/ Gee meer aandag aan sy gesin/ Sy huwelik verbeter/Sy verhouding met die gemeenskap verbeter.<br>ENIGE EEN | 1/2 | 1 |
| 3.21.1 | B Manuel | 3 | 1 |
| 3.21.2 | E Willem | 3 | 1 |
| 3.21.3 | C Oudokter | 3 | 1 |
| 3.21.4 | D Frans | 3 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.22 | B<br>C<br>A | 1/2 | 3 |

**Kognitiewe vlakke: Barrett**

| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
|---|---|---|
| 16 (46%) | 13 (37%) | 6 (17%) |

## VRAAG 4

## BABY

| Vraag | Antwoord | Vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Baby kry *die fits* / skielike aanvalle / stuipe. | 1/2 | 1 |
| 4.2 | ironies | 4/5 | 1 |
| 4.3 | A – Nooi | 3 | 1 |
| 4.4 | Sy vertonings as towenaar/kulkunstenaar./Vertonings waarin hy toor. | 1/2 | 1 |
| 4.5 | "Ek sien hoe Ma frons." | 1/2 | 1 |
| 4.6 | Sersant De Wit is "die een wat so af en toe by óns woonbuurt kom inloer", maar die ander inwoners van die bodorp kom nooit daar nie. /Sersant besoek kuier by/kom by die verteller se buurt, maar nie die ander inwoners van die bodorp nie. | 1/2 | 1 |
| 4.7 | Hulle motor het (buite die dorp) gebreek/ was "onklaar". | 1/2 | 1 |
| 4.8 | Hulle gee vir die vreemdelinge slaapplek (by ouma Stienie se huis). / "Ma en antie Queenie is die bult op om die twee enkelbeddens in ouma Stienie se voorhuis te gaan opmaak." | 1/2 | 1 |
| 4.9 | Beoordeel indivudueel. Leerlinge lug eie opinine, bv. :<br>Ja, sy is 'n minderjarige/kind wat in die greep van dwelms is / deur 'n volwassene gemanipuleer word / afhanklik van dwelms gehou word. (Of soortgelyk)<br>OF<br>Nee, Baby is groot genoeg om die regte keuses te maak. / Nee, Baby kon om hulp gaan vra het. (Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 4.10 | Beoordeel individueel. Leerling beskryf moontlike reaksies op Baby se emosionele uitbarsting, bv.:<br>Ek sal haar troos / help om te ontsnap / raad gee / simpatiek na haar luister. (Of soortgelyk. Daar moet 'n definitiewe REAKSIE wees.) | 4/5 | 1 |
| 4.11.1 | Claudine | 3 | 1 |
| 4.11.2 | minderjarige | 3 | 1 |
| 4.11.3 | dwelms | 3 | 1 |
| 4.11.4 | ontvoer | 3 | 1 |
| 4.12.1 | D – Hierdie karakter los die misdaad op | 3 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.12.2 | C – Skaterlag na elke sin | 3 | 1 |
| 4.12.3 | A – Sê "Ma" met 'n Pretoriase aksent | 3 | 1 |
| 4.12.4 | B – Maak vriende om die verkeerde redes | 3 | 1 |
| | | | [18] |

**VRAAG 5**

**DIE STORIE VAN PIET SE OUPA**

| Vraag | Antwoord | Vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Hy het so **geskrik** dat hy agter in die ambulans **flou geval** het. | 1/2 | 1 |
| 5.2 | Hulle is broer en suster / boetie en sussie | 1/2 | 1 |
| 5.3 | "Dokter, Pa-hulle bring sy kis saam wat in die waenhuis gestaan het." | 1/2 | 1 |
| 5.4.1 | Die lopery (van die oggend). / Iets in die oggend se hoofpynpoeiertjie het nie met die doppie brandewyn geakkordeer nie. | 1/2 | 1 |
| 5.4.2 | Van al die gehop en gestamp in die ambulans (oor die slote en walle in die pad) het sy hart weer aan die loop geraak / begin klop. | 1/2 | 1 |
| 5.4.3 | Sy was vir lank 'n suster (in die hospitaal in Montagu). / Sy was 'n matrone. | 1/2 | 1 |
| 5.5.1 | Oupa se maag. | 1/2 | 1 |
| 5.5.2 | Sy het vir hom die stukkie vleis en wors / die mixed grill wat oorgebly het, gegee om te eet. | 1/2 | 1 |
| 5.6 | A – Hulle het rolbal gaan speel in Calitzdorp. | 3 | 1 |
| 5.7 | Oupa en Doon het nie daarvan gehou om heeltyd <u>by die huis te bly nie</u> / het daarvan gehou om <u>weg van die huis te kuier</u> / <u>rond te loop</u>. (Of soortgelyk) | 3 | 1 |
| 5.8 | D, A, C, B | 3 | 4 |
| 5.9 | Beoordeel individueel, bv. :<br>Ja, want hy wys vir ons dat ons nog steeds die lewe kan geniet, al is ons oud.<br>OF<br>Nee, hy stel nie 'n goeie voorbeeld vir jongmense nie, want hy slaap by die oumatjie se huis al is hulle nie getroud nie / hy drink in die kroeg / hy kuier 'n maand na die oumatjie se dood al weer by 'n ander weduwee. (Of soortgelyk) | 4/5 | 1 |
| 5.10 | ENIGE TWEE woorde of uitdrukkings:<br>"karperde", "werfhond", "veeveilings, "knie vir hom soos brooddeeg", "V.L.V.", "veepos", "vrykamer", "waenhuis", "komossie", "Ramkat". | 4/5 | 2 |
| | | | [17] |

**Kognitiewe vlakke: Barrett – Vraag 4 en 5**

| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
|---|---|---|
| 14 (40%) | 15 (43%) | 6 (17%) |

## VRAAG 6

## THINGS THAT GO BUMP IN THE NIGHT

| Vraag | Antwoord | Vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Die gedig is geskryf na aanleiding van 'n Skotse gebed met dieselfde titel. | 3 | 1 |
| 6.2 | Die persoon wat alleen by die huis is, hoor vreemde geluide wat haar/hom dan bang maak. | 1/2 | 1 |
| 6.3 | Daar word geen leestekens gebruik nie.<br>Daar word geen hoofletters gebruik nie.<br>Onreëlmatige tipografie.<br>Versreëls se lengtes verskil.<br>Daar is geen vaste rympatroon nie.<br>ENIGE EEN | 3 | 1 |
| 6.4 | beskerming | 3 | 1 |
| 6.5 | C die persoon konsentreer om dit juis nie te hoor nie. | 3 | 1 |
| 6.6 | Die persoon is bang vir al die vreemde geluide MAAR gaan soek tog na slaap in die gang.<br>TWEE PUNTE OF NIKS<br>(Of soortgelyk) | 4/5 | 2 |
| 6.7.1 | Angs | 3 | 1 |
| 6.7.2 | Spanning | 3 | 1 |
| 6.8 | " skaars bewegende" | 1/2 | 1 |
| 6.9 | vlees | 3 | 1 |
| 6.10.1 | Alliterasie ('hoe harder'/'klink die klank')<br>OF Assonansie ('harder … klank') | 1/2 | 1 |
| 6.10.2 | Beklemtoon die klank wat al hoe harder word.<br>(Of soortgelyk) | 1/2 | 1 |
| 6.11.1 | E Halfrym | 3 | 1 |
| 6.11.2 | D Personifikasie | 3 | 1 |
| 6.11.3 | A Metafoor | 3 | 1 |
| 6.11.4 | C/E Vergelyking/Halfrym | 3 | 1 |
| 6.12 | Eie opinie, bv.<br>Ek sal iemand bel om na my toe te kom. / Ek sal myself in die kamer toesluit. / Ek sal om hulp roep. / Ek sal kalm bly en probeer slaap. | 4/5 | 1 |
| | | | **18** |

### Kognitiewe vlakke: Barrett

| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
|---|---|---|
| 5 (28%) | 10 (55%) | 3 (17%) |

## VRAAG 7

## WOORDE

| Vraag | Antwoord | Vlak | Punt |
|---|---|---|---|
| 7.1 | krag | 1 / 2 | 1 |
| 7.2 | Dit word vernietig / oorwin / verslaan.<br>(Of soortgelyk) | 1 / 2 | 1 |
| 7.3.1 | swak | 3 | 1 |
| 7.3.2 | dak | 3 | 1 |
| 7.4 | C – Die strofes is in koepletvorm geskryf. | 3 | 1 |
| 7.5 | "glo tog" | 1 / 2 | 1 |
| 7.6 | "het nie die byt" | 1 / 2 | 1 |
| 7.7 | Hulle maak seer/maak dood/veroorsaak pyn.<br>(Of soortgelyk) | 1 / 2 | 1 |
| 7.8 | Dit staan ALLEEN in die versreël. / Dit word deur ALLEENPLASING beklemtoon. | 1 / 2 | 1 |
| 7.9 | "my w**<u>oo</u>**rde kan bl**<u>oo</u>**t bid": oo-assonansie<br>OF<br>"my woorde kan **<u>b</u>**loot **<u>b</u>**id": b-alliterasie | 3 | 1 |
| 7.10 | amper | 3 | 1 |
| 7.11 | Eie opinie, bv. :<br>Ja, dit is eienskappe wat nie geweld/aggressie sal veroorsaak nie.<br>Ja, dit is eienskappe wat versoening/vrede tot gevolg sal hê.<br>OF<br>Nee, dit is passiewe eienskappe.<br>Nee, dit sal mense nie laat verander nie.<br>(Of soortgelyk) | 4 / 5 | 1 |
| 7.12 | B – bid, pleit, wens | 3 | 1 |
| 7.13 | Eie opinie, bv. :<br>Dit veroorsaak haat/negatiwiteit/skeiding tussen mense.<br>Mense kommunikeer nie.<br>Mense los nie hul verskille/probleme op nie.<br>(Of soortgelyk. Dit moet 'n NEGATIEWE gevolg hê.) | 1/ 2 | 1 |
| 7.14 | my woorde | 3 | 1 |
| 7.15 | Eie opinie, bv. :<br>Ja, want woorde is beter as oorlog/baklei/ aggressie.<br>OF<br>Nee, woorde is nie effektief nie, want mense reageer nie as daar net gepraat word nie.<br>(Of soortgelyk) | 4 / 5 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.16 | Leerder se eie woorde in die DIREKTE REDE:<br>Bv.:<br>Julle moet van die verlede vergeet en saamwerk aan die toekoms. / Julle moet mekaar vergewe. / Hou op baklei en soek saam oplossings vir julle probleme.<br>(Enige positiewe voorstel wat VERSOENING moontlik maak.) | 4 / 5 | 1 |
| | | | **17** |

**Kognitiewe vlakke: Barrett**

| Vlak 1 en 2 | Vlak 3 | Vlak 4 en 5 |
|---|---|---|
| 7 (41%) | 7 (41%) | 3 (18%) |

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou